

HERROEPINGSWETSONTWERP OP GAUTENG PROVINSIALE WETGEWENDE DIENSTE, 2025

(Soos voorgestel deur die Vaste Komitee oor Reëls)

(die Engelse teks is die amptelike teks van die Wetsontwerp)

(Vaste Komitee oor Reëls)

WETSONTWERP

Die Wetsontwerp beoog om voorsiening te maak vir die herroeping van die Wet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, Wetnr. 5 van 1996 en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

LAAT DIT deur die Gautengse Provinsiale Wetgewer as volg **UITGEVOER** WORD:

Herroeping van Wet 5 van 1996

1. Die Wet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 1996 (Wetnr. 5 van 1996) word hiermee herroep.

Oorgangsooreenkomste

2.(1) Die funksies en magte van die Raad op Wetgewersdienste wat in Artikel 8(1) van die Wet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 1996 (Wetnr. 5 van 1996) oorweeg word sal deur die Uitvoerende Gesag uitgevoer word, soos oorweeg in Artikel 5 van die Wet op die Finansiële Bestuur van Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wetnr. 10 van 2009 (soos gewysig). Die uitvoer van sodanige magte deur die Uitvoerende Gesag sal ingevolge Artikel 4 van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wetnr. 10 van 2009 (soos gewysig) wees.

Kort titel

3. Dié Wet word die Herroepingswet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 2025, genoem.

VERKLARENDE MEMORANDUM — HERROEPINGSWETSONTWERP OP GAUTENG PROVINSIALE WETGEWENDE DIENSTE, 2025

I. INLEIDING

- 1.1 Die Gautengse Provinsiale Wetgewer beoog om die Herroepingswetsontwerp op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 2025, in te dien en aan te neem. Die Wetsontwerp beoog om die Wet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 1996 (Wetrn. 5 van 1996) te herroep en maak voorsiening vir oorgangsreëlings en aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

II. AGTERGROND

- 2.1 Die bevoegdheid om wetgewing aangaande die finansiële bestuur, administrasie en beplanningsraamwerk vir provinsies in Suid-Afrika te verwetlik val binne die bestek van nasionale wetgewing. Dit is duidelik uit die Grondwethofuitspraak in *Premier: Limpopo provinsie vs. Speaker: Limpopo Provinsiale Wetgewer en Ander*¹. Die Grondwet het *inter alia* in bogenoemde uitspraak verklaar dat die Wet op die Finansiële Bestuur van die Gautengse Provinsiale Wetgewer (Wetrn. 7 van 2009) teenstrydig met die Grondwet en derhalwe ongeldig is. Dit was die Wet wat die Gautengse Provinsiale Wetgewer in staat gestel het om, onder andere, sy eie finansiële bestuur en administratiewe aangeleenthede te reguleer. Voorgenoemde uitspraak het uiteengesit dat die wetgewende bevoegdheid van provinsiale wetgewers, anders as dit van die Nasionale Parlement wat volmag het, beperk is tot wat in Bylae 4 en 5 van die Grondwet vervat is, asook waar die Grondwet uitdruklik die verwetliking van provinsiale wetgewing oorweeg of waar die Nasionale Parlement sodanige magte aan 'n provinsiale wetgewer toeken.
- 2.2 Die nasionale wetgewing waarna hierbo verwys word is die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wetnr. 10 van 2009 (soos gewysig).
- 2.3 Dit som in wese die wettereregtelike raamwerk op wat die finansiële bestuur, administrasie en beplanningsraamwerk vir die parlement en provinsiale wetgewers, reguleer.

¹ [2012] ZACC 3; 2012 (4) SA 58 (CC); 2012 (6) BCLR 583 (CC). (*Premier: Limpopo II*)

² At paragraph 17 the Constitutional Court held that—

“In view of the parties’ attitude, we need not say much on the issue. It is pellucid that the statutes before us, barring the North West Act, are all substantially similar to the Limpopo Bill in regard to their declared purpose and structure. They are worded in almost identical terms and they all seek to regulate the financial management of the provincial legislatures. They all represent adaptations of the generic Bill developed by the Speakers’ Forum. Therefore, it suffices to state that, for the same reasons cited in Limpopo I, we find these statutes to be unconstitutional.”

- 2.4 Die Gautengse Wetgewer het in 1996 die Wet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 1996, goedgekeur wat net voor die Grondwet van die RSA, 1996, uitgevaardig is. Dié Wet het, onder andere, gepoog, *om voorsiening te maak vir die “vestiging van ’n diens van die wetgewer, die vestiging van die Raad op Wetgewersdienste, die organisasie en administrasie van die diens, die vasstelling van die begroting van die diens en aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan”*.
- 2.5 Daar is egter twyfel oor die grondwetlikheid van dié Wet. Eerstens, soos hierbo aangedui, antedateer die Wet die Grondwet van die RSA van 1996 en was ingevolge die Tussentydse Grondwet van 1993. Die verwetliking van gestelde Wet het buite die wetgewende bevoegdheid van die wetgewer geval, al het dit goeie bedoelings gehad. Dit het nie goed gewerk met die Grondwet, 1996, en die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wetnr. 10 van 2009 (soos gewysig) nie.
- 2.6 Tweedens, die meeste van die voorskrifte van die Wet is uit voeling met die Grondwet en nasionale wetgewende raamwerk, soos wat hierbo uiteengesit is. Die hoofvoorskrifte is daardie voorskrifte met die bedoeling om die wetgewer, sy dienste en die Raad op Wetgewersdienste te vestig, wat nie almal konsekwent met die Grondwet en die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wetnr. 10 van 2009 (soos gewysig) is nie. Die Raad op Wetgewersdienste is die Uitvoerende Gesagsfunksies verleen terwyl die Speaker die voorsitter is, wat ingevolge die Grondwet en nasionale wetgewende raamwerk, die Uitvoerende Gesag is. Die Wet het ook voorskrifte wat, byvoorbeeld, oor die Provinsiale Tenderraad handel wat na bewering aangeleenthede oor verkrygings- en aanvoerkettingsbestuur hanteer, welke voorskrifte verouder *in lieu* van die wetgewende raamwerk is.
- 2.7 Die Wet word op laas as ongrondwetlik vertolk en die voortgesette werking daarvan is onvolhoubaar.
- 2.8 Dit is dus teen dié agtergrond dat die Gautengse Provinsiale Wetgewer beoog om die Wet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 1996, deur die indiening van dié spesifieke Herroepingswetsontwerp, te herroep.

III. BESPREKING PER KLOUSULE

Klausule 1

- 3.1 Dié klousule beoog om voorsiening te maak vir die herroeping van die Wet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 1996 (Wetnr. 5 van 1996).

Klausule 2

- 3.2 Dié klousule maak voorsiening vir oorgangsreëlins.

Klausule 3

- 3.3 Klousule 3 bevat die kort titel. Dit stel dat dié Wet die Herroepingswet op Gauteng Provinsiale Wetgewende Dienste, 2025, genoem word.

IV. **FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Die Herroepingswetsontwerp het geen finansiële implikasies nie.

V. **IMPLIKASIES VIR BELANGHEBBENDES**

- 5.1 Die volgende belanghebbendes is geraadpleeg en betrek: alle politieke partye wat in die GPW verteenwoordig word, asook die onafhanklike lede van die Raad op Wetgewersdienste en sy subkomitees. Daar word beoog dat genoemde belanghebbendebetrokkenheid tydens die oorweging van die Herroepingswetsontwerp sal voortduur.